# Die Rooi Nagmusse



1 Daar was eendag ‘n man wat vyftig rooi nagmusse gehad het om op die kermis te gaan verkoop. Nadat sy vrou hulle netjies in ‘n groot streepsak gepak het, vertrek hy op sy reis na die kermis in Vergelegen.

2 Eindelik, nádat hy ‘n lang ent op ‘n warm, stowwerige pad geloop het, bereik hy ‘n koel woud. Die skaduryke bome lyk so aanloklik dat die man sy sak op die grond neergooi en onder een van die bome gaan sit om te rus. Om die waarheid te sê, hy voel so moeg, dat hy een van die rooi nagmusse uit sy sak haal, op sy kop sit, teen die boom terugsak en vas aan die slaap raak.

3 Wat die man nie geweet het nie, is dat daar ‘n groot trop apies in die woud woon. Ná ‘n rukkie seil die grootste van die ape by ‘n boomstam af. Suutjies, suutjies, trek hy een van die nagmusse uit die man se streepsak en sit dit op sy kop. Toe skarrel hy weer by die boom op en gaan sit in die takke en grinnik vir sy maats. Ape hou mos al te baie daarvan om mense na te aap!

4 Kort daarna kom ‘n jong apie deur die takke aangeswaai. Hy sluip ook tot by die slapende man, gryp ‘n nagmus, en skarrel weer by die boomstam op. Toe neem nog ‘n apie nog ‘n nagmus...en so duur dit voort.

5 Spoedig sit nege-en-veertig apies hoog in die bome vir mekaar en grynslag. Hulle klets lustig, en op elke kop is ‘n knalrooi nuwe nagmus! Later raas die ape so baie dat die slapende man ontwaak... en tot sy onsteltenis ‘n leë streepsak voor hom sien lê.

6 “O, liewe land! Wat maak ek nou?” roep hy uit. “Wát sal ek vir my vrou sê as ek sonder geld – en sonder nagmusse – by die huis aankom?” Hy is so vies vir homself dat hy die nagmus van sy kop afpluk en dit verwoed op die grond neergooi.

7 Die nege-en-veertig apies wat in die bome sit, sien dadelik wat die man gedoen het. Dadelik pluk elkeen sy nagmus af en slinger dit haastig op die grond neer.

8 Die man kan skaars sy geluk glo, maar hy is uitermate verheug. Hy tel blitsig die vyftig rooi nagmusse op, sit hulle weer in sy sak, swaai dit oor sy skouer en begin deur die woud stap om die nagmusse by die kermis te gaan verkoop.

| **SPELWOORDE:** | | |
|---|---|---|
| uitermate | stowwerige | suutjies |

**Die Rooi Nagmusse – Vrae:**

1. Waarheen was die man met sy streepsak vol nagmusse oppad? ____________________

   ________________________________________________________________________(2)

2. Hoe het die man die nagmusse verloor? _________________________________________

   ________________________________________________________________________(1)

3. Hoeveel apies was daar? ___________________________________________________(1)

4. Hoekom pluk die apies elkeen hulle nagmusse af en slinger dit haastig op die grond neer?

   ________________________________________________________________________(1)

5. Gee die korrekte meervoudsvorm van die woord “streepsak” ______________________(1)

6. Wat beteken die woord “aanloklik” (par. 2)?

   a) belangrik

   b) afstootlik

   c) aantreklik (1)

7. Gee die volgende woorde se korrekte antonieme:

   a. aanloklik __________________________________________

   b. moeg __________________________________________

   c. netjies __________________________________________(3)

8. Wat dink jy beteken die volgende idiome?

   a. Al dra ’n aap ’n goue ring, hy is en bly 'n lelike ding. ______________________________

   ________________________________________________________________________(1)

   b. Die aap uit die mou laat. __________________________________________________(1)

   c. Die aapstuipe kry (die blouapiestuipe kry) ____________________________________

   ________________________________________________________________________(1)

________ UIT 13

**<u>Die Rooi Nagmusse – Antwoorde:</u>**

1. Na die **kermis** in **Vergelegen**.
2. Die apies het hulle gesteel terwyl die man geslaap het.
3. Nege-en-veertig/49.
4. Omdat hulle die man gena-aap het, en dus dieselfde gedoen het as wat hy gedoen het (hy het ook sy nagmus afgepluk en dit op die grond neergegooi).
5. streepsakke
6. (c) aantreklik
7. a. afstootlik

   b. uitgerus

   c. slordig
8. a. Mooi klere of versierings kan ’n lelike mens nie mooi maak nie

   b. Die geheim verklap.

   c. Onbeheerbaar kwaad wees.